Gimmie Griffie

Webtuiste: www.gimmies.co.za

26 Julie 2018
Uitgawe: 21

GEAGTE OUERS

Baie dankie aan al die ouers wat die ouervergadering bygewoon het. Daar is nog heelwat rapporte wat nie afgehaal is nie. Leerders kan dit by die kantoor afhaal indien ouers met die kantoor of klasvoog reëlings tref.

Met die rekordeksamen om die draai, versoek ons die graad 12-ouers om toe te sien dat die leerders ernstig besig sal wees met skoolwerk.

Voorspoed met al die wedstryde wat die naweek plaasvind. Ons vertrou dat dit baie goed sal gaan.

Gimmiegroete,
RA Oosthuizen

PICK N PAY-PROJEK

Ons herinner ouers om hulle strokies in die houers by *Pick N Pay* Van der Hoff-park in te gooi. Die skool kry 2% van alle aankope.

VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Maandag 30 Julie
Redenaars: Eng. @ *Boys High* (Jnr. & Snr.)

Dinsdag 31 Julie
Vlekvry-aksie

Woensdag 1 Augustus
Tennis: Bethlehem (weg)
Rekeningkunde-olimpiade
Verbruikerstudie-olimpiade
Redenaars: Afr. @ HTS (Jnr. & Snr.)
Opedag 16:00

Donderdag 2 Augustus
Skyfskiet: Fochville (weg)
Skaak: Westonaria (tuis)

Vrydag 3 Augustus
Skyfskiet: Fochville (weg)
Tennis: NW-finaal (Klerksdorp)
Netbal: o/18 semifinaal

Saterdag 4 Augustus
Skyfskiet: Fochville (weg)
Netbal: o/18 semifinaal
Dogtershokkie: Vriendskaplike wedstryd
Landloop (9): Klerksdorp
Rugby Virseker: Kwartfinaal
Landsdiens: Gebiedskamp

RUGBYPROGRAM: SATERDAG 28 JULIE

A-veld
09:00 o/15A vs. Volkskool Heidelberg
10:00 o/17-sewesproewe

KRIEKET

Uitslae teen Garsfontein:
Die 1ste span wen met 5 paaltjies. Marco Jansen neem 5 paaltjies vir 16 lopies. Frans Viviers teken 48 lopies van 26 balle aan.

Die o/15's verloor met 55 lopies. Armand Willemse neem 5 paaltjies vir 28 lopies. Martin Bullock teken 62 lopies van 34 balle aan en Daan du Toit behaal 56 lopies.

RUGBY

Die o/15A-span verloor 5-10 teen Volkies in die Luiperdsfinaal.

TENNIS

Uitslae van die afgelope week se semi-finaal wedstryde:

Seuns 2de liga wen 6-2 teen RHS.
Seuns 3de liga wen 5-3 teen RHS.
Seuns 4de liga verloor 7-1 teen RHS.
Seuns 5de liga wen 5-3 teen RHS.

Dogters 1ste liga verloor 5-1 teen Sannieshof.

Baie sterkte aan die meisies 2de, 3de en 4de ligas wat nog hulle semifinaal wedstryde moet afhandel.

Die finaal vind op 17 Augustus (tuis) plaas.

Op 3 Augustus speel die eerste seuns- en meisiespanne in 'n toernooi by Buffelspoort.

SKYFSKIET LIGA 5

Baie geluk aan die volgende skuts met baie goeie uitslae:

o/21
Hermé Nel (2de), Carmi Snijman (4de) en Iné Vosloo (8ste).

o/16
Michael Botha (1ste), Albert Combrinck (2de), Nadine Nel (4de) en Maricha Marais (8ste).

o/14
Shane Liversage (2de), Shani Nel (4de) en Joriëtte Oosthuizen (8ste).

Baie geluk ook aan al die ander skuts wat hul tellings verbeter het.

Baie dankie aan al die skuts en hul ouers wat met die aanbied van Liga 5 gehelp het, dit word opreg waardeer.

'n Spesiale woord van dank aan "Die Jonker Sweefvliegtuigklub" wat hul fasiliteite aan die skool beskikbaar gestel het.

SWEM

Baie geluk aan die volgende leerders:

Juandré Uys, Theo Ferreira en William Slaughter het gekwalifiseer om aan die SA-kortbadkampioenskappe wat vanaf 9 tot 12 Augustus by Kings Park Stadion in Durban plaasvind, deel te neem.

Botha du Toit het die vakansie, as deel van die SA-lewensredding Presidentspan, aan *The Orange Cup* in Eindhoven, Nederland deelgeneem waar al die Europese lande en ander lande deelgeneem het. Suid-Afrika het derde geëindig. Botha het drie individuele bronsmedaljes verower.

PERDRY

Tydens die Julie-vakansie het Zané Lombard aan die ERASA-uithouritte, SA nasionale kampioenskappe deelgeneem waar ruiter en perd 206 km oor 3 dae moes aflê. Sy het die rit suksesvol voltooi en behaal 'n sesde plek in haar afdeling.

Zané is gekies om vir die SA-juniorspan te ry en behaal dus haar SA-kleure. Baie geluk, Zané.

TONEEL

Die toneelstuk, *Duskant Vleesbaai*, het tweede in die Noordheuwel Toneelfees gekom. Christi Olivier en Zandelle Meyer verwerf goud en Ivan Reckling silwer vir toneelspel. Zandelle word ook genomineer vir beste aktrise.

Vir die toneelstuk, *Waar die son nooit kom nie*, verwerf Hallé Swartz en Lerato Loate brons.

Vir die toneelstuk, *Dierepubliek*, verower die volgende leerders bronssertifikate: Buhle Molefi (toneelspel), Eben Maré (verhoogbestuur) en Adriaan Minneé (klank). Die hele groep verwerf silwer vir ensemble.

JEUGORKES

Bernice Klopper het die afgelope vakansie aan die SA-Jeugorkes in Bloemfontein deelgeneem. Sy is een van die ses en twintig uit 400 viooloudisies wat keuring gekry het en het ook 'n volle beurs vir die kursus ontvang. Die orkes het aan die *Free State Arts Festival* deelgeneem en is deur 'n Britse dirigent, Leon Bosch, gedirigeer.

Bernice het Noordwes tydens 'n radio-opname wat gemaak is, verteenwoordig. Baie geluk, Bernice, Gimmies is trots op jou.

STUDIO 7 is Gimmies se musiekproduksie wat op 21 en 22 Augustus om 19:00 in die Sanlam Ouditorium plaasvind. R 80,00 per persoon. Kaartjies by die skool (skoolure) te koop. Hoop ons sien jou daar!

Potchefstroom Gimnasium



OPEDAG

1 Augustus 2018
Koshuis: 16:00
Skool: 17:00

FAC ET SPERA
6-10 AUG
GIMMIES PREMIER LIGA
5 SPANNE
68 SEUNS
15 WEDSTRYDE
Maandag 6 Augustus
14:30 LVO Pikke vs Wyma Makelaars Blues – Oval
14:30 RJ Grawe vs Renegade Ankers – Mooivallei
Dinsdag 7 Augustus
14:30 RJ Grawe vs CSS Greys – Oval
14:30 Wyma Makelaars Blues vs Renegade Ankers – Mooivallei
Woensdag 8 Augustus
14:30 Renegade Ankers vs CSS Greys – Oval
14:30 RJ Grawe vs LVO Pikke – Mooivallei
Donderdag 9 Augustus (Vrouedag)
08:30 RJ Grawwe vs Wyma Makelaars Blues – Oval
08:30 LVO Pikke vs CSS Greys – Mooivallei
11:30 LVO Pikke vs Renegades Ankers – Oval
11:30 Wyma Makelaars Blues vs CSS Greys – Mooivallei
14:30 Onder 13 Uitnodiging vs Gimmies Onder 14 – Oval
Vrydag 10 Augustus
08:30 4de vs 3de – Oval / 5de vs Old Boys – Mooivallei
11:30 Koshuis vs Dorp – Oval
14:30 FINAAL
Klaas Wyma Makelaars
Construction Safety Services
LVO